# Nuweberg: Landdroskop (naweekstap)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Sphinx roete en jeeptrack | **DATUM:** | 23-24 Maart 2024 |

**KOMMENTAAR**

Dit het die hele week gelyk of dit die naweek sou reën, maar uiteindelik skuif die kouefronte so dat dit moontlik lyk om te stap – al reën ons 'n bietjie nat. So kom 12 van ons die oggend vroeg by die Nuweberg-Natuurreservaat se hek aan, gereed om te stap. Maar die mense by die hek sê daar is nie water by die hut nie. Ons sê ons het die vorige dag die reservaat EN die besprekingskantoor gebel om seker te maak die roete is oop en geen woord is oor die water gesê nie. Op die ou end het hulle een 25 liter kan water opgery na die hut toe (wat net-net genoeg was vir 12 mense). Die begin van die roete is verander sedert die vorige jaar en dit is nou baie mooier. Ons stap al hoër op teen die berg en dit begin motreën. Ons het geen uitsig nie, maar die mistigheid het 'n bekoring van sy eie. As dit oopgetrek is, sien mens in 'n stadium die hut as jy oor 'n nekkie kom en jy weet waar om te kyk. Maar vanaf die nekkie tot by die hut is nog 'n hele paar kilometer. Met die mistigheid was ons letterlik 100 meter voor die hut toe ons dit vir die eerste keer sien – baie bly om uit die koue en reën te kom. Die hut het gelukkig 'n binnebraai en Koos maak 'n vuur wat vir niks skrik nie. Ons braai, maak klere en skoene by die vuur droog, en kuier heerlik. Die volgende oggend neem ons die jeeppad af tot by die riviertjie en neem die veldpaadjie oor die koppies tot ons uiteindelik by die motors uitkom. Ons gaan drink koffie by die Cape Canopy Tour Zipline se koffiewinkeltjie voor ons huiswaarts keer. Dit is 'n mooi roete, nie ver om te ry nie, en goeie oefening vir moeiliker stappe wat volg. Klimhoogte: 700 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 045/2024 | R 10 | 21 | |
| Gerna Hough | 131/2024 | R 10 | 21 | |
| Elza Geldenhuys | 115/2024 | R 10 | 21 | |
| Santie Kies | 102/2024 | R 10 | 21 | |
| Madeleine Krause | 038/2024 | R 10 | 21 | |
| Wynand Krause | 039/2024 | R 10 | 21 | |
| Michelle Krause | 142/2024 | R 10 | 21 | |
| Magda Kritzinger | 124/2024 | R 10 | 21 | |
| Danie Pienaar | 085/2024 | R 10 | 21 | |
| Koos Stander | 108/2024 | R 10 | 21 | |
| Esther Warnich | 122/2024 | R 10 | 21 | |
| Estelle Zietsman | 048/2024 | R 10 | 21 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 120** | **252** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |